# BELEIDE

## SPORT: MERIETEBELEID

DOEL VAN DIE SPORTBELEID

Laerskool Constantiapark glo dat elke leerling wat akademie, sport en kultuur in die kleure van die skool beoefen, daarvoor erkenning moet ontvang. Daarom word die merieteproses breedvoerig hieronder uiteengesit. Die sportmerietebeleid word van tyd tot tyd geëvalueer en veranderings kan gedurende 'n jaar aangebring word.

1. Laerskool Constantiapark bied verskillende sportsoorte aan, waar leerlinge individueel of in spanverband erkenning vir skoolsportsoorte kan ontvang.

2. Toekennings word volgens die prerogatief van die afrigter/organiseerder en sporthoof na gelang van die leerling se ingesteldheid en toewyding asook volgehoue deelname in die bepaalde sportsoort gemaak. Dit is die diskresie van die merietekomitee om nie 'n toekenning te maak nie.

3. Onderskeid moet getref word tussen liga- en spandeelname na gelang van die samestelling van elke skoolsportsoort se onderskeie kompetisies.

4. Die vlak van erkenning word bepaal deur die vlak van prestasie binne elke skoolsportsoort. 'n Leerling ontvang jaarliks net die hoogste toekenning per sportsoort.

5. Die hoogste prestasie van elke sportsoort word aan die einde van die jaar tydens die onderskeie merietefunksies vereer.

6. Om in aanmerking te kom vir enige sporterkenning / toekenning moes 'n leerling vir die skool deelgeneem het.

7. Die Rooi Sportbalkie vir buitesport val weg in 2025.

### 1. ATLETIEK

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die atletiekspan. |
| **Merietesertifikaat** | *Cluster*-span deelname. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Deelname aan D4.<br>**AGN kleure verwerf (rooi-atletiekbalkie).* |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Deelname aan GISSA.<br>Juniors: Eerste en tweede plek verwerf tydens D4. |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Deelname aan SA-kampioenskap. |



## 2. RUGBY

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die rugbyligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners.<br>Blou Bulle Stadsbeker: eindig onder die eerste vier plekke. |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Blou Bulle Stadsbeker: naaswenners.<br>Blou Bulle - Akademiespan (O/12 en O/13). |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Blou Bulle Stadsbeker: wenners.<br>Blou Bul kleure vir O/12A- O/13 -Cravenweekspan. |

## 3. 7's RUGBY

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die 7's rugbyspan. |
| **Merietesertifikaat** | Naaswenners van twee toernooie. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Wenners van drie toernooie. |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | - |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Blou Bul 7's kleure vir die O/13-span. |

## 4. TENNIS

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die tennisligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners (*word slegs bepaal volgens kwartaal* 1). |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners (*word slegs bepaal volgens kwartaal* 1). |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Noord-Gauteng kleure verwerf (*individueel*). |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Deelname aan SA-kampioenskap *(individueel).* |

## 5. NETBAL

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die netballigaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners.<br>Tshwane uitspele: eindig in plekke 1-4. |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | GSS Kampioenskap – eerste vyf plekke behaal.<br>SA-Kampioenskap – plekke ses tot tien behaal. |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | SA-Kampioenskap – eindig onder die top vyf.<br>O/12 en O/13 GISSA-span (*individueel*). |

## 6. SKAAK

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die skaakligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners.<br>Distrik - 2de of 3de plek *(individueel).* |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners.<br>Distrik–wenner *(individueel).*<br>Gauteng - 2de of 3de plek *(individueel of spanverband).* |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Gauteng-wenner *(individueel of spanverband).*<br>*SA Top Schools* – verwerf 'n 2de en 3de plek.<br>Tshwane en/of Gautengkleure *(individueel).* |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | *SA Top Schools* – kampioene (*skoolspan*).<br>SA en/of Proteakleure *(individueel).* |

## 7. GHOLF

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die gholfligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Ligagroepwenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners.<br>Stadsbeker–naaswenners (*deelname aan Noordvaal).* |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Noordvaal – verwerf 2de of 3de plek. |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Noordvaal–wenners.<br>Provinsiale kleure *(individueel).* |

## 8. HOKKIE

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die hokkieligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | *Northerns Blues 13 C-span Provinsiaal (Individueel) / Reserwe*<br>*Northerns Blues O/12 Distrikspan (Individueel) / Reserwe*<br>*Ligawenners*<br>*Northerns Cup: naaswenners* |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | *Northerns Blues Gauteng O/13 B- span Provinsiaal (Individueel)*<br>*Northerns Cup: wenners* |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | *Northern Blues:* O/13 A-span provinsiaal (*individueel).*<br>*Champ-of-Champs:* deelname |



## 9. LANDLOOP

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die landloopligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Atleet neem aan alle ligabyeenkomste deel en eindig elke keer tussen plekke 26–50. *(Moet voldoen aan die minimum voorgeskrewe vereistes deur die federasie en moet gemiddelde plekke 26-50 inneem).* |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Atleet neem aan alle ligabyeenkomste deel en eindig elke keer onder plekke 19-25. *(Moet voldoen aan die minimum voorgeskrewe vereistes deur die federasie en moet gemiddelde plekke 19-25 inneem).* **Interprovinsiale deelname (rooi landloopbalkie).* |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Deelname aan die SA-Kampioenskap (*individueel).* |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | SA-Kampioenskap: eindig onder die top 6 (*individueel).* |

## 10. KRIEKET

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die krieketligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners.<br>Speel in die Titans-kwarteind. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners.<br>Titans – eindig onder eerste vier plekke.<br>0/13 Distrikspan (*individueel).* |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | *Titans*-naaswenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | *Titans*-wenners (span). |

## 11. PERDESPORT

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die SANEF perdryligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Noord-Gauteng kleure verwerf. |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Indien 'n ruiter 'n plek (roset) behaal tydens die nasionale kampioenskap *(individueel).* |



## 12. SWEM

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die swemligaspan. |
| **Merietesertifikaat** | Naaswenners in die B-liga.<br>Vlak 1 *Northern Tigers Swimming* (1ste, 2de en 3de plek).<br>Vlak 2 *Northern Tigers Swimming* (deelname).<br>*(Word slegs toegeken indien swemmer vir die skoolspan swem.)* |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Wenners van die B-liga .<br>Deelname aan die A-liga.<br>Word as sportman/sportvrou aangewys by die liga.<br>Vlak 2 *Northern Tigers Swimming* (1ste, 2de en 3de plek).<br>Vlak 3 *Northern Tigers Swimming* (deelname).<br>*(Word slegs toegeken indien swemmer vir die skoolspan swem.)* |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | A-liga:  naaswenners.<br>Vlak 3 *Northern Tigers Swimming* (1ste, 2e en 3e plek).<br>*Northern Tigers Swimming Champs* (deelname).<br>Vlak 2 *SA-Regional* (1ste, 2de en 3de plek).<br>*(Word slegs toegeken indien swemmer vir die skoolspan swem.)* |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | A-liga: wenners.<br>Deelname aan die (*SANJ*) Junior Suid-Afrikaanse swemkampioenskap.<br>Vlak 3 *SA-Regional* (1ste, 2de en 3de plek).<br>*(Word slegs toegeken indien swemmer vir die skoolspan swem.)* |

## 13. BERGFIETS

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die bergfietsspan. |
| **Merietesertifikaat** | Fietsryers van die seuns- of dogterspan wat aan 75% van die skoolligas deelgeneem het en die span eindig as naaswenners van die liga.<br>*(Moet voldoen aan die minimum voorgeskrewe vereistes van die federasie.)* |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Lid van die seuns- of dogterspan wat aan 75% van die skoolligas deelgeneem het en as wenners van die liga eindig.<br>Individuele fietsryer wat ingesluit word in die Gauteng-skolespan.<br>*(Moet voldoen aan die minimum voorgeskrewe vereistes van die federasie.)*<br>Deelname aan die interprovinsiale skole kampioenskap. |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Deelname aan die interprovinsiale skole kampioenskap en eindig onder die top 10 ryers in sy/haar kategorie.<br>Deelname aan die interprovinsiale skole kampioenskap en eindig onder die top twee skoolspanne.<br>Cross Country Olimpic (XCO) Gauteng span en/of<br>Cross Country Marathon (XCM) Gautengspan. |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Deelname aan die SA XCM-kampioenskap en eindig onder die top vyf ryers in sy/haar kategorie. (*individueel)* |

### 14. MUURBAL

| | |
|---|---|
| **Sertifikaat van verdienste** | Lid van die muurbalspan. |
| **Merietesertifikaat** | Liganaaswenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n rooi balkie** | Ligawenners. |
| **Merietesertifikaat en 'n silwer balkie** | Verwerf Noord-Gauteng kleure *(individueel)*.<br>Eindig in posisie 1-4 op die NUSA se muurbal-leer (*Mei-maand*). |
| **Merietesertifikaat en 'n goue balkie** | Deelname aan IPT-kampioenskap eindig top drie in die onderskeie kategorieë. |

LAERSKOOL CONSTANTIAPARK STREEF NA 'N GOEIE BALANS TUSSEN
DIE WENMOTIEF EN ROOIKAT-DEELNAME!

